

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English /Afrikaans

November 2020 Edition 1



Avoid becoming a human trafficking victim

Page 5



Lucky leads flourishing gaming business

Page 7

## SA rolls up sleeves to recover from COVID-19



### More Matshediso

President Cyril Ramaphosa recently announced government's Reconstruction and Recovery Plan to help South Africa recover from the devastating economic impact of the COVID-19 pandemic.

pandemic.

The announcement was made at a Joint Hybrid Sitting of Parliament.

The President says it is important to get people back into the jobs they lost during the Coronavirus (COVID-19) pandemic.

"We are determined to create more employment opportuni-

ties for those who were unemployed before the pandemic or who had given up looking for work," the President says.

"This means unleashing the potential of our economy by, among others, implementing necessary reforms, removing regulatory barriers that increase costs and create inefficiencies

in the economy, securing our energy supply, and freeing up digital infrastructure," he added.

This plan directly responds to

**"This is a plan through which all of us as South Africans should work together to build a new economy."**

the immediate economic impact of COVID-19 by driving job creation and expanding support for vulnerable households.

"We aim to do this primarily through a major infrastructure programme and a large-scale employment stimulus, coupled with an intensive localisation drive and industrial expansion," says President Ramaphosa.

According to the President, the interventions outlined in this plan will:

- Achieve sufficient, secure

and reliable energy supply within two years;

- Create and support over 800 000 work opportunities in the immediate term to respond to job losses;
- Unlock more than R1 trillion in infrastructure investment over the next four years;
- Reduce data costs for every South African and expand broadband access to low-income households;
- Reverse the decline of the local manufacturing sector and promote reindustrialisation through deeper levels of localisation and exports;
- Resuscitate vulnerable sectors such as tourism, which have been hard hit by the pandemic.

According to the modelling done by National Treasury, the implementation of this plan will raise growth to around three percent on average over the next 10 years.

**Cont. page 2**



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

**FREE COPY NOT FOR SALE**



# Stimulerings van 'n ekonomie wat werk

**D**ie bekendstelling van die Presidensiële Indiensnemmingstimulus verlede week, dui op 'n fundamentele verskuiwing in ons benadering om werkloosheid aan te pak.

Ons onderneem 'n verrykende en ambisieuze openbare belegging in menslike kapitaal, met die staat as beide die skepper en instaatsteller van werkgeleenthede. Die Presidensiële Indiensnemmingstimulus is ongeëwenaar in skaal en omvang, en behels 'n openbare belegging van R100 miljard oor die volgende drie jaar.

Ons sal werkgeleenthede wat direk befonds word en bestaanondersteunings-ingrypings beskerm en skep, terwyl ons arbeidsmark ná die koronaviruspandemie herstel. Elkeen hiervan is gereed om geïmplementeer te word en is bykomend tot bestaande verpligtinge.

Terwyl sommige van die ingrypings voortbou op die sterkpunte van bestaande programme, sluit die stimulus ook nuwe en innoverende benaderings in.

Dit sluit 'n fokus in op wat ons 'maatskaplike indiensneming' noem. Ons gaan van die veronderstelling uit dat daar geen tekort aan werk is wat gedoen moet word om die magdom maatskaplike probleme in ons samelewing op te los nie. Die doelwit is om die aansienlike kreatiwiteit, inisiatief en institutionele vermoëns te ondersteun wat in die breër samelewing bestaan, om mense te betrek by werk wat die algemene belang dien. Dié werk dek 'n wye verskeidenheid temas, insluitend voedselsekerheid, die beëindiging van geslagsgebaseerde geweld, opgradering van informele nedersettings en baie meer.

Dit sal die openbare sektor se pogings aanvul om groter omvang en maatskaplike impak te verseker, asook nuwe tipes

vennootskappe met diverse maatskaplike rolspelers.

Die stimulus sluit 'n nuwe nasionale program in om onderrig- en skoolassistentie in skole aan te stel. Skole doen nou reeds dié aanstellings en bied nuwe geleenthede in elke gemeenskap oor die lengte en breedte van die land.

Openbare indiensnemming het nie net op ongeskoolede werk betrekking nie. Daar is 'n geïntegreerde fokus op graduandi, met geleenthede vir verpleërs, wetenskapgraduandi, ambagssmanne en ander.

Die stimulus sal ook werkgeleenthede in kwesbare sektore, wat hard deur die pandemie getref is, beskerm. Ondersteuning sal aan Vroeë Kinderontwikkelingspraktisyens, hoofsaaklik vroue in eie diens, verskaf word. Meer as 74 000 kleinboere sal ook produksie-insettoelae ontvang.

As 'n nasie benodig ons kuns en kultuur om ons gemoedere weer te lig — die stimulus verskaf nuwe befondsing om die sektor weer op sy voete te kry, insluitend ondersteuning aan digitale inhoudskeeping en uitbreiding van e-handelplatforms.

Dit sal kunstenaars in staat stel om aan te pas by die nuwe marktoestande wat die pandemie op ons afgedwing het en om nuwe geleenthede vir groei aan te gryp.

'n Kritieke instaatsteller vir breër werkskepping, wat selfs belangriker gemaak is deur die pandemie, is konnektiwiteit. Die stimulus sal bekostigbare, hoëspoed- breëbandkonnektywiteit aan lae-inkomstehuishoudings verskaf deur innoverende verbindingsubsidies en die uitbreiding van openbare WiFi, ten einde die digitale kloof te oorbrug.

Ons betwyfel geensins die omvang van die taak wat voorlê namate ons land herstel van die verwoesting van die koronaviruspandemie nie.

Ons moet 'n ekonomiese herstelpunt bereik wat vinnig en inklusief is. Ons moet soveel

moontlik van ons mense weer aan die werk kry. Ons moet ook verlore veld herwin betreffende die verskaffing van basiese dienste en kritieke infrastruktuur, wat maatskaplike uitdagings aanpak en townships en landelike gemeenskappe transformeer.

Openbare betrokkenheid is 'n instrument wat dit alles kan doen: werkskepping op skaal op kort termyn terwyl markte herstel, met die skepping van maatskaplike waarde in die proses.

Die voorbeeld word dikwels genoem van die massiewe openbare-werkeprogram wat deur die Verenigde State onderneem is ná die Groot Depressie in die 1930's. Dit was nie net 'n stimulus nie, maar het ook maatskaplike deelname en insluiting behels.

Daar is verskeie voorbeelde van innoverende openbare werkskeppingsprogramme in die ontwikkelende wêreld, insluitend Indië, Etiopië en hier in Suid-Afrika. Dié programme maak 'n direkte belegging in plaaslike ekonomiese, wat eerstens armer gebiede bereik en plaaslike klein ondernemings ondersteun en van daar af deursyfer na die breër ekonomie.

Sulke programme bevorder ook maatskaplike deelname en insluiting, wat aan gemeenskappe die middele verskaf om hulle lewens te verander namate hulle nuwe tipes werk onderneem. Sodoende dra hulle by tot die transformasie op beide plaaslike vlak en in die breër samelewing.

Direkte openbare belegging om indiensnemming te ondersteun en ekonomiese geleenthede te skep wat maatskaplike waarde genereer, doen meer as om net die werkloosheidskrisis aan te pak.

Dit is responsief, want dit gebruik die staat se hulpbronne om op plaaslike gemeenskapsbehoeftes te reageer, hetsy vir groener ruimtes, voedselsekerheid, nog meer vroeë

kinderontwikkelingsentrums, of beter en meer toeganklike paaie.

Dit is progressief, want dit bied maatskaplike beskerming en inkomstesekerheid aan diegene wat armoede in die gesig staar omdat hulle nie werk kan kry nie.

Dit is 'n belegging in die toekoms, omdat dit die breër ekonomie se herstelagenda ondersteun deur dringend ons mense aan die werk te kry om ons nasionale en munisipale infrastruktuur te verbeter.

Deur middel van die ingrypings in die stimulus skep ons werk vir diegene wat dit nodig het, terwyl dit 'n blywende impak op gemeenskappe laat.

Net soos openbare diensprogramme wêreldwyd, ondersteun en vul die indiensnemmingstimulus die kritieke rol van die privaatsektor in werkskepping aan. Dit is teen-siklies omdat, namate die herstelproses vorder, die skaal van openbare indiensnemming sal afneem.

Die werkservaring en -vaardighede wat deur begunstiges van die Presidensiële Indiensnemmingstimulus benodig word, sal hulle vooruitsigte om formele werk te verkry, verbeter.

Die ervaring wat opgedoen word, bied ook 'n pad na entrepeneursaktiwiteit. Deelnemers sal hulle vaardighede en vermoëns om hulle eie besigheide te begin, verbeter en kan die vaste inkomste wat deur die openbare indiensnemming verskaf word gebruik om na ander inkomstegenererende aktiwiteite uit te brei.

Ek het deurentyd bevestig dat die COVID-19-krisis ook 'n geleenthed bied om ons samelewing weer beter op te bou.

Ons sal, in hierdie tyd van groot omwenteling, onsself geen guns bewys deur onrealistiese beloftes te maak wat verwagtinge skep, net om tekort te skiet wanneer dit nie realiseer nie. Dit is waarom ek alleen van die betrekings en



bestaanondersteuning ten volle befonds word, tesame met 'n duidelike implementeringsplan.

Die indiensnemmingstimulus gaan nie oor vae verpligtinge vir eendaag in die toekoms nie, maar oor werk wat hier en nou geskep word.

Die stimulus is die resultaat van uitgebreide oorlegpleging met nasionale departemente, provinsies en metrorade om vinnig indiensnemmingprogramme te skep wat binne ses maande bekendgestel en uitgebrei kan word.

Die implementeringsdepartemente en ander belanghebbendes is streng geassesseer op grond van hulle implementeringskapasiteit.

In elkeen van die programme wat deel uitmaak van die stimulus, sal geleenthede wyd geadverteer word en werwing sal regverdig, oop en deursigtig wees.

Die doelwitte wat ons vir onsself gestel het is realisties, meetbaar en bereikbaar en put uit vorige ervaring en internasionale beste praktyk.

Ons mense is gereed en gewillig om te werk. Hierdie geweldige potensiaal moet benut word en ons kollektiewe vaardighede en vermoëns moet aangewend word om ons land in die nasleep van die koronavirus te herbou.

Die Presidensiële Indiensnemmingstimulus verskaf verligting aan gesinne wat 'n lang, moeilike winter verduur het, met inkomste wat baie verminder het en vir individue wat reeds baie jare sonder werk moes oorleef.

Regte, behoorlike werk is elke mens se reg. Dit is 'n voorwaarde vir ekonomiese groei en maatskaplike stabilitet.

Die Presidensiële Indiensnemmingstimulus lewer 'n deurslaggewende bydrae tot die ontwikkeling van 'n samelewing wat werk, deur uiting aan dié fundamentele reg te gee.

# Voorkom dat jy 'n slagoffer van mensehandel word



**Silusapho Nyanda**

**N**amate die aantal gerapporteerde mensehandelgevalle toeneem, is dit belangrik dat jy stappe doen om jou veiligheid

te verseker.

Om te voorkom dat jy 'n slagoffer van mensehandel word, moet jy nie alleen, saans, of in verlate strate rondbeweeg nie.

Dit is belangrik dat jy te alle tye bewus is van jou

omgewing. Deur paraat te wees, sal jy makliker iets kan raaksien wat onvapas is. As jy agterkom dat 'n persoon of 'n voertuig jou volg, gaan dadelik na 'n plek met baie mense en kontak die polisie of

iemand wat jy vertrou.

Mensehandelaars gebruik dikwels die belofte van werk om hulle slagoffers te ontvoer en sal potensiële slagoffers nader om aan hulle 'n werk of een of ander tipe geleentheid te bied. Dié tipe mensehandel kan enige plek gebeur — selfs op sosiale media, by die skool, in die winkelstrum en buite jou huis.

Maak seker dat jy deeglike navorsing oor potensiële werkgewers doen voordat jy hulle van aangesig tot aangesig vir onderhoude ontmoet. Jy kan by die Kommissie vir Maatskappy en Intellectuele Eiendom navraag doen om te bevestig dat die maatskappy regtig bestaan.

Jy moet ook vir iemand wat jy vertrou sê wanneer jy na 'n onderhoud toe gaan en met hulle reël dat hulle jou ná 'n sekere tydperk skaakel. Laat iemand saam met jou gaan, indien moontlik.

Wees versigtig wanneer jy sosiale media gebruik, veral wanneer 'n vreemde ling hulp, geld, blyplek of 'n

werkgeleentheid aanbied in reaksie op iets wat jy geplaas het.

As jy uitgaan om iemand nuut te ontmoet, doen dit op 'n openbare plek en sê vir iemand wat jy vertrou waar jy is.

Wanneer jy saam met kinders uitgaan, hou hulle naby jou en maak seker dat jy hulle te alle tye kan sien.

Jy behoort nooit 'n kind te stuur om 'n taak te verrig sonder dat 'n volwassene wat jy vertrou toesig hou nie. Maak dit 'n gewoonte om gereeld na jou kinders se welstand te verneem, sodat jy weet waar hulle is.

*Hierdie inligting is deur die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling verskaf.*

**Kontak die Nasionale Mensehandelblitslyn by 0800 222 777 vir meer inligting oor mensehandel. Kontak die polisie by 10111 om mensehandel te rapporteer.**

## Healing childhood trauma

### A NON-GOVERNMENTAL

organisation is working hard to help young children deal with past hurts and trauma in the Western Cape

**Silusapho Nyanda**

**T**he Community Keepers non-governmental organisation (NGO) is addressing child abuse by providing 28 schools in the Western Cape with trauma counselling services.

The NGO has counsellors and social workers permanently located at schools in Cape Town and the Cape Winelands. The team of professionals assist pupils who have been victims of violence



at home or their local communities.

The NGO's Chief Executive Officer Gerrit Taning says

they treat pupils with different traumatic experiences through group and individual sessions.

"We work in disadvantaged communities where violence is prevalent. We help children who have experienced adverse childhood experiences such as abuse, loss, poverty and other challenges that are faced by children," says Taning.

One of the key topics the NGO seeks to address during sessions with the pupils is the belief that 'men don't cry'. The organisation aims to teach young boys to be in tune with their feelings and emotions. This will encourage young boys to talk about their feelings and experiences.

Taning says that trauma can cause behavioural problems in children.

"When there is a cycle of traumatic experiences that builds up it often affects children negatively. A quiet child will start lashing out and engaging in risky behaviour. A child that was outgoing suddenly becomes withdrawn. Some pupils go from the brightest students to not being able to keep up with their peers."

He says that trauma can be dealt with, but it requires proactive teaching of children before the cycle is repeated.

**Schools looking to partner with Community Keepers can call 072 781 5535 or email info@community-keepers.org.**